HORIZON
DEBT COUNSELLING

Beginsels van begroting:

Die eerste stap na finansiele sekuriteit is om ten volle verantwoordelikheid te neem vir jou eie finansies. Die fondasie hiervan is die beginsels van begroting. Dit is ons eie verantwoordelikheid om ons persoonlike finansies op so 'n wyse te bestuur dat dit vir ons en ons families sekuriteit in die toekoms kan bied.

Hoekom begroot ons?
Die doel van begroting is nie net om spandabelrigheid te tem nie, maar ook om ons lewensuitgawes op so 'n wyse te bestuur sodat ons uiteindelik 'n surplus kan skep wat ons kan belê. 'n Surplus kan gedefinieer word as jou netto inkomste minus jou lewensuitgawes.

'n Surplus het twee doele, eerstens kan surplus gebruik word om te spaar ingeval daar onvoorsiene moeilike onstandighede sou opdyk (soos 'n ekonomiese resessie), en tweedens om te belê in veilige en betroubare belegginsvoertuie sodat jou geld vir jou kan begin werk.

Begrotings gaan oor lewensuitgawes en hierdie kan in 3 kategorieë verdeel word:

- Noodsaaklike Lewensuitgawes: Hierdie is jou basiese lewensuitgawes wat jy nodig het om te ooorleef, bv: brood, melk, water, elektrisiteit.
- Nie-noodsaaklik Lewensuitgawes: Bv: soveel vleis soos jy wil hê, lekkernye, koeldranke, speelgoed en ander dinge wat nie nodig is vir jou om te oorleef nie, maar wat ook nie as 'n luuksheid gesien word nie.
- Luukshede: Hierdie is tiepies uitgawes soos DSTV, vakansiepakkette, sportsklublidmaatskap, ens.

Om te vereenvoudig kan ons ons self afvra of dit 'n NOODSAAKLIKHEID of 'n BEHOEFTE is. Tiepies sal noodsaaklikhede onder noodsaaklike lewensuitgawes val en behoeftes onder nie-noodsaaklike lewensuitgawes of luukshede. 'n Goeie riglyn om volgens te werk is om te verseker dat jou luukshede saam met nie-noodsaaklike lewensuitgawes nie meer as 'n derde van jou totale begroting beslaan nie.

Hoe om te begroot?
Maak 'n lysie van al jou uitgawes. Verdeel jou uitgawes in noodsaaklike lewensuitgawes, nie-noodsaaklike lewensuitgawes, en luukshede. Skryf jou uitgawes in elke segment neer, en monitor weekliks jou uitgawes sodat jy jou vordering kan meet. Dit kan 'n baie lekker oefening wees om te doen!

Onthou ook dat indien jou skuldlaste dalk swaar op jou weeg, ons 'n volledige skuldberadingsdiens bied wat dit vir jou ligter kan maak. Skuldberading kan ook vir jou regsbeskerming bied sodat jy jou bates kan behou, terwyl ons met jou krediteure onderhandel om jou skuld te herstruktureer en jou kontantvloei te verbeter.

DIT IS NOOIT TE LAAT OM DIE EERSTE STAP NA 'N NUWE BEGIN TE NEEM NIE.

Horizon Debt Counselling is SKULDBERADERS wat lanwyd praktiseer.

Kontak ons gerus en neem die eerste stap na 'n nuwe begin: Stian / Ebeth,
Tel: 079 780 2513, E-pos: info@horizondc.co.za

PO Box 944
Delmas
2210
Tel: 079 780 2513 | **Fax**: 086 548 4993
Email: info@horizondc.co.za | **Web site**: www.horizondc.co.za